

21 Augustus '25

Gelowegis. Inc.



Lowrensgriver-Strand

VoedselFees

Muskrumms

Dit is ons almal se **VoedselFees**

Dit was nog altyd ons almal se **VoedselFees** – so sal dit ook volgende Saterdag die 30ste Augustus wees. Ons is baie dankbaar vir 'n doeltreffende VoedselFeeskomitee wat die leisels vashou en voorvat, maar almal van ons gaan 'n belangrike bydrae lewer tot die lekker en sukses van die Fees. Hoekom? **Want dis ons almal se VoedselFees!** Ons is almal deel van Lourensriver Gemeente en almal van ons gaan iewers 'n funksie vervul om daarvan 'n heerlike ervaring te maak.

Die Hebreërs krywer noem dat ons as gelowiges spesiaal afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping (Heb 3:1). Jy kan nie God se roeping vir jou lewe op jou eie vervul nie.

My roeping staan altyd in verband tot die christen-gemeenskap, want ek is deel van 'n geestelike familie. Dis soos die dele van 'n fisiese liggaam. Liggaamsdele is waardeloos, tensy dit verbind is tot die ander liggaamsdele. Jy mag dalk 'n uitstaande begaafde oog hê wat jou instaat stel om uitstekend te sien. Maar 'n oogbal wat nie verbind is tot jou liggaam nie, is waardeloos want dit kan niks sien nie.

Jy mag dalk 'n uitmuntende begaafde oor hê wat alles om jou fyn kan hoor, maar as jou begaafde oor nie verbind is tot jou liggaam nie, help dit jou niks. Op dieselfde wyse moet jy verbind wees tot die liggaam van Christus ten einde jou roeping te vervul. “Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het” (Efes 4:4).

Ek en jy word geroep om ons roeping te vervul binne en vanuit die gemeenskap van gelowiges, daar waar ons saamwerk en mekaar ondersteun. Dink net hoe die oog en oor in jou liggaam saamwerk om jou liggaam te ondersteun. So is al die gelowiges heilige vennote, deelgenote van 'n hemelse roeping (Heb 3:1).

As jy weer by die kerk kom, kyk 'n bietjie rond. Die mense wat jy daar gaan sien is deelgenote van God se roeping in jou lewe. Jy, en elke ander persoon wat jy daar gaan sien is geroep – julle word saam geroep om God se hemelse roeping te vervul. Dit gaan ons ook sien volgende Saterdag met die **VoedselFees**.

Bring jou roeping, jou gawes, jou tyd en energie, jou glimlag, jou vriendelike woord en bedien die liggaam met jou oog, jou oor, jou mond, jou glimlag, jou hand, jou hart!

Dit is nog net 9 slabies dan hou ons Fees!
Deure open om 09:00 en ons kuier dan heerlik saam.....

Voorbidding

Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap

Voorbidding:

Dirk Verdoes
Helena Kritzinger
Deon Dixon
Marie Roux
Yvonne Marx
Danie Volschenk
Christine Steenberg
Anonieme dogter (Leukemia)

Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.

Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.

Bid asseblief vir die haweloses.



Ons Dagboek

27 Augustus Snuffelmark

30 Augustus Voedselfees

SnuffelMARK



As jy kaste reg pak, huis op pak,
items wil weg gee....skenk dit
asseblief vir die kerk se Snuffelmark.

Die items word sorteer en die laaste Woensdag van
elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit
gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure.

Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene,
gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed,
kombuisware, bekere, koppies, pierings, skildery, en
vele meer

Volgende Snuffelmark:
Woensdag 27 Augustus @ 11:30

Verhuis julle na 'n ander dorp?

Ons wil graag as Gemeente kan totsiens
sê aan julle.
Skakel die Kerkkantoor en
laat ons asb. weet.





Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

Ons harte loop oor van
dankbaarheid vir al die
donasies vir ons Koskas!
Soveel gesinne word deur
julle oop harte gehelp!
Baie Baie Dankie!!!



Koskas-benodigdhede:

- Two-minute noodles
- Sop (word met warm water aangemaak en lewer 'n beker sop)
- Sout en Peper

VoedselFees

SATERDAG 30 AUGUSTUS '25

**TYD
IS BESIG OM ONS IN TE HAAL!
IS JULLE REG?**





VoedselFees

SATERDAG 30 AUGUSTUS '25

As jy op enige manier betrokke wil raak, hetsy hulp by die stalletjies of enigiets verwerk, kontak gerus vir

Apolonia-082 5077 091 of Annette-076 286 2052.

As jy iets wil skenk en nie by die kerkantoor kan uitkom nie, skakel vir Bernice by 021 853 5991 vir alternatiewe reëlings.

Ons benodig:

Meel - Baie

Bakpoeier

Eiers - Baie

Olie - Baie

Suiker

Jellie - Baie

Boksvla

Kondensmelk - Baie

Idealmelk - Baie

Versiersuiker

Kaas

Hoenderborsies

Lekkergoed

Tennisbeskuitjies - Baie

Melk - Baie

Strooisuiker

Margarinen - Stork Bake - Baie

Tombolatafel items - Baie

As jy produkte wil skenk:

- Gee dit asb. af by die kerkkantoor tydens kantoorure.
- Sit dit Sondag voor/na die erediens in die houer in die voorportaal.
- As jy iets wil skenk en nie by die kerkantoor kan uitkom nie, skakel die kantoor.

Kontant Skenkings:

- EFT - Verwysing: Naam & VoedselFees.
- Koevert is beskikbaar by die kerkdeure vir kontant skenkings.
- Betaal by kerkkantoor - kontant/kaart.

YOU AND I
CAN HELP

Lifeline Jeug

Markus 1:1 DIE begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.

Jesus was nie net 'n profeet nie, of 'n goeie leraar nie,
Hy was (en is nog altyd) ons Here.

Hoërskool leerders:

Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie.
Ons gaan weer lekker "Social, Praise & Worship" en dan in
ons klasse inbeweeg.

Belydenisklas:

Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar.
Graad 11's en ouer, wat nog voorgestel moet
word is baie welkom om by ons aan te sluit.


**Vir meer inligting
skakel gerus vir
Attie - 079 442 2230**

**Ons bid vir elke Gr12 leerder
wat binnekort begin met hul
Rekordeksamen**

Bid asb vir graad 12 leerders vir 'n helder verstand, pligsgetrou-
heid in hul studies en 'n vasberandheid om die eksamen
suksesvol af te lê. Bid dat hulle die Here Jesus as verlosser sal
ken en die Heilige Gees in hul lewe sal toelaat.
"maar hulle het al hoe harder geroep: 'Here, Seun van Dawid,
ontferm U tog oor ons!' Jesus het gaan staan, hulle geroep en
gepra: 'Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?' " Matt 20:31 & 32



Dinamiet Kiedz en Beloftelanders



**Voorskool & Laerskool,
elke Sondag 09:00 tot 10:30
tydens skoolkwartale.**

Navrae: Karin 083 643 0653
**Ons kom eers almal in die
kerk bymekaar en sal dan
verdaag word na die saal.**



3de Kwartaal

Ons hoop julle het elkeen heerlik
uitgerus gedurende die vakansie? Ons
het 'n propvol program vir die 3de
kwartaal uitgewerk en is baie
opgewonde om dit saam met julle te deel

Program

27 Jul - Les 13

3 Aug - Les 14

10 Aug - Les 15

17 Aug - Les 16

24 Aug - Les 17

31 Aug - Les 18

7 Sept - Les 19

14 Sept - Les 20

21 Sept - Les 21

28 Sept - Les 23 /

Nagmaal met ouers



Beloftelanders (voorskool)

Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar
is welkom

Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se
materiaal.

Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook
ons verjaarsdae saam;

Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag
per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

Dinamiet Kiedz (gr 1-6)

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om
geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met
ander te deel deur persoonlike getuienis & dienslewering tydens
uitreike na ouetehuse, skole, ens.

Dan is daar natuurlik Gemeente Pieknieks, Kampe, Ken-mekaar
braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.

Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653




Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van
die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis
om meer oor dissipelskap te leer.

Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek
onder verhoog) bymekaar.

Vir meer inligting, skakel gerus vir Liesbet @ 073 630 0268



Lourensburger-Strand



Mary Jones en haar Bybel

Eendag, lank, lank gelede was daar 'n dogtertjie met die naam Mary wat saam met haar mamma en pappa in 'n ver land met die naam Wallis gewoon het. Hulle het nie baie geld gehad nie. Daar was nie 'n skool in Mary se dorpie nie en daarom kon sy nie lees en skryf nie.

Elke Sondag het Mary saam met haar mamma en pappa kerk toe gegaan. Daar het sy soet geluister wanneer die predikant uit die groot Bybel lees. Mary het baie hard probeer om al die stories wat die predikant in die kerk geles het te onthou, maar dit was te



moeilik. Eendag kom Mary se pappa by die huis met wonderlike nuus! Hulle dorpie gaan 'n skool kry. "Nou kan ek uiteindelik leer hoe om te lees en skryf," het Mary gedink. "Nou kan ek al die Bybelstories self lees."

Maar in daardie tyd was boeke baie duur. Mevrouw Evans wat naby Mary gewoon het, het haar eie Bybel gehad. Sy het geweet hoe baie Mary van Bybelstories hou. Eendag nooi mevrou Evans vir Mary om uit haar Bybel te kom lees. "Ek wens ek het my eie Bybel gehad!" sê Mary. Daar en dan het sy besluit om alles te doen wat sy kon sodat sy haar eie Bybel kan kry.

Mary het baie hard gewerk om geld te spaar. Sy het hout en eiers bymekaargemaak en dit op die mark verkoop. Sy het klere reggemaak en kinders opgepas. Uiteindelik het sy na ses jaar genoeg geld gehad, maar in haar dorp was daar nie Bybels om te koop nie. Mary moes na 'n ander dorp met die naam van Bala gaan om haar Bybel te koop. In daardie tyd was daar nie motors, busse of treine nie. Mary het daarom besluit om te stap.

Sy het die heeldag kaalvoet en baie ver oor klipperige bergpaadjies gestap. Omdat hulle arm was, het sy haar skoene gespaar en dit eers naby Bala aangetrek. Mary het moeg en honger in Bala aangekom net toe die son besig was om agter die heuwels te sak.

Die volgende oggend vroeg is Mary na eerwaarde Charles om haar Bybel te gaan koop. "Ek is hier om 'n Bybel te koop sodat ek dit kan lees net wanneer ek wil."

"Ek is baie jammer my kind, maar ek het nie meer Bybels om te verkoop nie," antwoord eerwaarde Charles.

Mary was baie hartseer! Sy het gehuil en gehuil. "Maar ek het so ver gestap en ek spaar al vir die laaste ses jaar my geld."

Eerwaarde Charles kon sien dat die Bybel vir Mary baie belangrik is en hy het besluit om haar te help. "Mary, jy kan een van my Bybels kry." "Oe! Dankie, eerwaarde Charles!" het sy bly uitgeroep. "Dankie, dankie, dankie!"

'n Baie gelukkige Mary is met haar Bybel terug huis toe. Sy het nie meer nodig gehad om te wag totdat hulle Sondae kerk toe gaan nie, sy kon nou die Bybel lees net wanneer sy wou. Eerwaarde Charles is na Mary se besoek na 'n vergadering waar predikante van regoor die land bymekaar was; daar het hy hulle van Mary vertel. Al die predikante het besluit om meer Bybels teen goedkoop pryse vir die mense van Wallis te kry.

Een van die predikante het gesê: "As ons dit vir die mense van Wallis doen, hoekom kan ons dit nie vir al die mense in die wêreld doen nie?" Dit is hoe die eerste Bybelgenootskap begin het. Vandag is daar meer as 140 Bybelgenootskappe regoor die wêreld wat mense soos Mary help om Bybels te kry.

Ons wens vir NG Gemeente Die Strand
baie geluk met hulle 113de Verjaarsdag.
Gaan maak gerus 'n draai by hulle die naweek

VERJAARSDAGMARK 23 AUGUSTUS

GROENTE TAFEL

Lemoene 5kg R35

Pataats rooiskil witvleis 5kg R35

Naartjies 3kg R30

Wit boerpampoene R30 elk

Sitrus heuning 500g R75 elk

Boontjies (lappies) 500g R30

Heeren none 500g R30

Plaas Jou bestelling voor 20 Augustus
Voorraad is beperk.

Navrae/bestellings kontak

Jan 083 750 3936

**Ons wens vir NG Gemeente Die Strand
baie geluk met hulle 113de Verjaarsdag.
Gaan maak gerus 'n draai by hulle die naweek**



**VRYDAGAAND
BEEF (150G PATTIE)
BURGERS
22 AUGUSTUS**

R35

**Beskikbaar van
18:00-19:00**
vuur word 17:00
aangesteek en vars gebraai

**KOOP JOU KAARTJIE
083 397 1455**

Kaartjies beskikbaar by die
kerkkantoor



R25

Kom kry jou

Breakfast bun!

Vars gemaak terwyl jy wag

23 Augustus 2025
Ons maak 07:00 oop

**Saterdag
23
Augustus**

KOM KOOP JOU
KAARTJIES BY DIE
KERKKANTOOR VOOR
22 AUGUSTUS
OM NIE UIT TE MIS NIE.
(SLEGS 20 KAARTJIES BESKIKBAAR)

WHATSAPP 083 397 1455



KANTOOR IS OOP
MAANDAG - VRYDAG
09:00 - 12:00

**Bees
Potjiekos**



PRYS
R45.00

NG GEMEENTE DIE STRAND
vier ons
113de verjaardag
die 23 Augustus 2025

*Net so paar lip lekker kosse wat
beskikbaar gaan wees*

Kerrie en rys	Worsrolletjies
Sosaties	Wilds pastei
Kerrie afval	Samoosas
Hamburgers	Mielies
Chicken wings	Lam chops
Loaded chips	Pap & wors
Potjiekos	Russian & Chips



ONDERSTEUN asb.
PLAASLIK
voordat daar niks meer
PLAASLIK
is om te ondersteun nie.

MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE

Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858

www.securese.co.za

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS

Cam Live Vision Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023

www.camlivevision.co.za

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

VOLANTRA ORBITAL
The power to protect

Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023

www.volantraorbital.co.za

Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on

Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)

Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
YOUR WEALTH

Flamēros
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

Het jy hulp nodig om
finansiële sekerheid
te kry?

Sanlam
Lees myn woordeboek

Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za

Ek kan hiermee help:

- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongesuktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Levensversekering Beperk is getransformeerde lewensversekerer, gereguleerde verskaffer van "transige" dienste en gereguleerde broekverskaffer (NCRONL).

HBP
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830
info@hbpcconstruction.co.za
www.hbpcconstruction.co.za

BeMyDollie
Popklere Doll Clothes

100% Homemade Love

079 526 5547
@bmdollies

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydraes** vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

Bank inligting:

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za



Kontak die kerkkantoor om in te skakel,
of vir meer inligting: 021 853 5991

RAPHA VROUE

Elke tweede Maandag.

SENIOR MANNE

Woensdae 08:30 voor in kerk

VROUEGROEP

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

MANNEGROEP

Vrydae 05:30 in die Konsistorie

Kontak ons gerus : 021 853 5991

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

Admin kantoor-ure

Maandae: 09:00 - 14:00

Maandae - Donderdae: 08:00 -14:00

Vrydae: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

Finansies kantoor-ure

Maandae: 09:00 -12:30

Dinsdae - Vrydae: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

BESOEKERS / NUWE LIDMATE

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK**, of 'n **HUISSBESOEK VERLANG**,
vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig
besoeke of afsprake 082 333 6012



Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon -
anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

Lourensrivier-WhatsApp Groep

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.